

# **KAN MIELIES WINSGEWEND GEPRODUSEER WORD?**

**DEUR**

**DR PHILIP THEUNISSEN  
COMPUTUS BESTUURSBURO**

---

Die afgelope mielieseisoen (2004/05) was nie 'n goeie een vir mielieboere nie. Ten spyte van 'n rekord-oes (12,1 miljoen ton) het pryse vanaf planttyd tot strooptyd bykans gehalveer. Dit het tot gevolg gehad dat boere 'n verlies gelei het en met oorlaatskuld vir die komende seisoen gaan sit. Die slegte nuus is dat vooruitsigte vir die komende seisoen uit 'n ekonomiese oogpunt ook nie te goed lyk nie, tensy iets drasties binne die volgende twee maande gaan gebeur wat pryse dramaties kan laat styg.

## **Oesskatting**

Aan die einde van die vorige seisoen (2004) is daar geraam dat die oordragvoorraad na die volgende seisoen (2005) ongeveer 3 miljoen ton is nadat daar aan die binnelandse vraag van 7,8 miljoen ton voldoen is. Toe kom 2005 se oes van 12,1 miljoen ton wat dus beteken dat ons met hierdie oes 4,3 miljoen ton meer as die binnelandse vraag geproduseer het.

Saam met die vorige jaar se oordragvoorraad het ons op papier dus 7,3 miljoen se oordragvoorraad wat bykans net soveel soos die binnelandse vraag is. Ons het dus bykans 'n hele jaar se binnelandse verbruik in die spens en dit is nie nodig om enigsins mielies vir die komende seisoen aan te plant nie. Daar is natuurlik die moontlikheid dat mielies uitgevoer kan word en heelwaarskynlik alreeds verskuif word wat die eenvoudige som hierbo dalk nie sal laat klop nie. Die eerste tekens hiervan is in die middel van September waargeneem toe die mielieprys skielik begin styg het.

## **Pryse**

Die afgelope seisoen het prysgewys redelik goed begin toe pryse aanvanklik by R950 per ton (plaasprys) weggespring het maar droë toestande het verhoed dat boere op die gewone tyd kon plant. Sonder aanplantings wou boere nie waag om pryse teen hierdie vlakke te kontrakteer nie. Toe dit aan die einde van November begin reën, het die boere begin plant en toe hulle daarna na pryse begin kyk het die prys intussen begin daal en aanhou daal om eers weer op ongeveer R450 per ton (plaasprys) te begin stabiliseer. Daar was die afgelope seisoen dus baie min geleentheid om 'n bemarkingsvoordeel uit die mielieprys te kry.

By die skryf van hierdie artikel het pryse 'n opwaartse neiging begin toon en dit wil voorkom of 'n plaasprys van R700 per ton vir die komende seisoen dalk nie te vergesog is nie. Die vraag is egter of dit genoeg is om winsgewend mee te kan produseer.

## **Uitgawes**

Tabel 1 bevat die inkomste en uitgawes van droëland- en besproeiingsmielies teen verskillende opbrengsmikpunte. Teen 'n opbrengsmikpunt van 3.5 ton per hektaar beloop die produksiekoste R3120 per hektaar. Teen R700 per ton word daar 'n verlies van R670 per hektaar gerealiseer. Die gelykbreekprys, waar inkomste gelyk aan uitgawes sal wees, is R891 per ton. Indien dieselfde som vir die verskillende opbrengsmikpunte gemaak word, is die gelykbreekprys R1283 per ton teen 2 ton per hektaar, R1113 per ton by 2,5 ton per hektaar, R980 by 3 ton per hektaar en R816 per ton by 4 ton per hektaar. In die geval van besproeiingsmielies is die gelykbreekprys R759 per ton by 'n opbrengs van 7 ton per hektaar. Nie een van hierdie scenarios toon dus 'n wins teen R700 per ton nie. 'n Prys van R900 per ton is eerder genoeg om aan die meeste mielieboere 'n kans vir 'n wins te bied.

## **Sensitiwiteit**

In Tabelle 2 en 3 word die sensitiwiteit vir droëland- en besproeiingsmielies teen verskillende opbrengs- en prysvlakke teen produksiekoste van R3120 (droëland) en R5314 (besproeiing) per hektaar bereken. Die swart gedeeltes toon die vlakke waar daar 'n verlies gerealiseer word terwyl die wit gedeeltes die winsareas aantoon.

In die geval van droëland sal die boer teen 'n prys van R700 per ton eers 'n wins begin toon as die opbrengs 4,8 ton per hektaar is. In die geval van besproeiing sal daar teen dieselfde prys eers 'n wins by 7.75 ton per hektaar gerealiseer word. Teen normale opbrengsvlakke van 3,5 en 7 ton per hektaar vir droëland en besproeiing, moet die pryse onderskeidelik omtrent R900 en R800 per ton wees voordat 'n beduidende wins gerealiseer kan word. Teen huidige prysvlakke kan daar nie winsgewend geproduseer word nie. Die boer moet dus aan die hand van Tabelle 2 en 3 'n aanname van die voordiehandliggendste scenario ten opsigte van prys en hoeveelheid vir Julie 2006 maak voordat hy blindelings besluit om mielies vir die komende seisoen aan te plant.

## **Finansiering**

'n Groot aantal boere sal steeds mielies wil plant ten spyte van die skrif wat baie duidelik aan die muur is. Die verlede het al so dikwels gewys dat boere vas glo dat pryse vanaf planttyd na strooptyd sal verbeter en dat 'n wins dan sal realiseer. Omdat selfs die beste markanaliste ook nie weet wat pryse oor die verloop van ses maande kan maak nie, is daar altyd 'n kans, hoe gering ookal, dat die boer reg kan wees. Ongelukkig maak die handelsbanke en koöperasies of agribesighede, ook hulle somme voordat hulle produksielrediet aan boere verskaf en hierdie instansies se somme lyk ook min-of-meer soos die in Tabel 1.

Al glo 'n boer ook hoe sterk daarin dat die mielieprys in die komende seisoen skerp gaan styg, gaan hy bloot nie finansiering kry om hierdie geloof van hom uit te oefen nie, tensy hy hom self kan finansier. Daar gaan dus 'n gedwonge afskaling van mielie-aanplantings plaasvind al wil die boer hoe graag plant en al gaan hy hoe lekker vir almal tong uitsteek as die prys in Julie 2006 wel R900 per ton en meer is. Teen huidige prysvlakke van ongeveer R700 per ton in die boer se sak is dit egter nie ekonomies regverdigbaar om mielies vir die komende seisoen aan te plant nie.

---

**Bethlehem**  
**September 2005**

**TABEL 1: PRODUKSIEKOSTE VAN MELIES (2005/06)**

		DROëLAND					BESPROEI
Kriteria		20 N	32 N	45 N	60 N	70 N	180 N
Kg Stikstof		2.0	2.5	3.0	3.5	4	7.0
Opbrengs : (Ton/ha)		700	700	700	700	700	700
Prys/ton							
<b>Rand per jaar per:</b>		<b>Hektaar</b>	<b>Hektaar</b>	<b>Hektaar</b>	<b>Hektaar</b>	<b>Hektaar</b>	<b>Hektaar</b>
<b>INKOMSTE</b>							
Produkverkope		1,400	1,750	2,100	2,450	2,800	4,900
<b>BRUTO PRODUKSIEWAARDE</b>		<b>R 1,400</b>	<b>R 1,750</b>	<b>R 2,100</b>	<b>R 2,450</b>	<b>R 2,800</b>	<b>R 4,900</b>
<b>DIREKTE UITGAWES</b>							
Saad		360	360	360	360	360	1,100
Kunsmis		272	451	571	714	821	1,265
Onkruidbeheer		186	186	186	186	186	185
Plaaigbeheer		319	319	319	319	319	233
Spuikoste - Vliegtuig		0	0	0	0	0	0
Stroopkoste (Brandstof ingesluit)		247	247	247	247	247	525
Besproeiingskoste (Elektrisiteit & Reparasies)		0	0	0	0	0	395
<b>DIREKTE UITGAWES</b>		<b>R 1,385</b>	<b>R 1,563</b>	<b>R 1,684</b>	<b>R 1,826</b>	<b>R 1,934</b>	<b>R 3,703</b>
<b>VERANDERLIKE UITGAWES</b>							
Oesversekering	% van Omset	50	63	76	88	101	176
- Hael	3.6%	50	63	76	88	101	176
- Ryp	0.0%	0	0	0	0	0	0
- Oormaat Reën	0.0%	0	0	0	0	0	0
Vervoerkoste		69	87	104	121	139	242
<b>VERANDERLIKE UITGAWES</b>		<b>R 120</b>	<b>R 150</b>	<b>R 179</b>	<b>R 209</b>	<b>R 239</b>	<b>R 419</b>
<b>TOEGEDEELDE UITGAWES</b>							
Meganisasiekoste		988	988	988	988	988	988
- Brandstof		222	222	222	222	222	222
- Depresiasie & Reparasies		691	691	691	691	691	691
- Operateurskoste		76	76	76	76	76	76
Rente		73	82	88	96	102	204
<b>TOEGEDEELDE UITGAWES</b>		<b>R 1,061</b>	<b>R 1,070</b>	<b>R 1,077</b>	<b>R 1,084</b>	<b>R 1,090</b>	<b>R 1,192</b>
<b>TOTALE UITGAWES</b>		<b>R 2,565</b>	<b>R 2,783</b>	<b>R 2,940</b>	<b>R 3,120</b>	<b>R 3,263</b>	<b>R 5,314</b>
<b>VERTAKKINGSMARGE</b>		<b>-R 1,165</b>	<b>-R 1,033</b>	<b>-R 840</b>	<b>-R 670</b>	<b>-R 463</b>	<b>-R 414</b>
<b>GELYKBREEKPRYS (Prys/ton)</b>		<b>R 1,283</b>	<b>R 1,113</b>	<b>R 980</b>	<b>R 891</b>	<b>R 816</b>	<b>R 759</b>
<b>GELYKBREEKOPBRENGS (Ton/ha)</b>		<b>3.7</b>	<b>4.0</b>	<b>4.2</b>	<b>4.5</b>	<b>4.7</b>	<b>7.6</b>

Bron: Computus Bestuursinligting (Edms) Bpk

**TABEL 2: SENSITIWITEIT VAN MIELIES (Droëland) PER HA**

Opbrengs (ton/ha)	Prys/ton						
	400	500	600	700	800	900	1000
2.00	-2325	-2125	-1925	-1725	-1525	-1325	-1125
2.40	-2165	-1925	-1685	-1445	-1205	-965	-725
2.80	-2005	-1725	-1445	-1165	-885	-605	-325
3.20	-1845	-1525	-1205	-885	-565	-245	75
3.60	-1685	-1325	-965	-605	-245	115	475
4.00	-1525	-1125	-725	-325	75	475	875
4.40	-1365	-925	-485	-45	395	835	1275
4.80	-1205	-725	-245	235	715	1195	1675
5.20	-1045	-525	-5	515	1035	1555	2075
<b>Totale uitgawes</b>							<b>3120</b>

Bron: Computus Bestuursinligting (Edms) Bpk

**TABEL 3: SENSITIWITEIT VAN MIELIES (Besproeiing) PER HA**

Opbrengs (ton/ha)	Prys/ton						
	400	500	600	700	800	900	1000
6.00	-2914	-2314	-1714	-1114	-514	86	686
6.25	-2814	-2189	-1564	-939	-314	311	936
6.50	-2714	-2064	-1414	-764	-114	536	1186
6.75	-2614	-1939	-1264	-589	86	761	1436
7.00	-2514	-1814	-1114	-414	286	986	1686
7.25	-2414	-1689	-964	-239	486	1211	1936
7.50	-2314	-1564	-814	-64	686	1436	2186
7.75	-2214	-1439	-664	111	886	1661	2436
8.00	-2114	-1314	-514	286	1086	1886	2686
<b>Totale uitgawes</b>							<b>5314</b>

Bron: Computus Bestuursinligting (Edms) Bpk